

IN MEMORIUM

JOHANNES JN LAMBRECHTS (LAMPIES)

22-04-1938 – 22-09-2015

Jan Lambrechts is op 22 April 1938 te Moorreesburg gebore en het ook daar skoolgegaan. Na skool het hy gedurende 1960 met BSc (te) op Stellenbosch Universiteit begin deur (o.a.) ook Geologie III as 'n ekstra hoofvak te neem. Gedurende hierdie periode het hy oorgeslaan na Grondkunde binne landbouverband en voltooi in 1965 sy MSc Agric *cum laude* met titel: "A chemical and mineralogical study of a soil profile near George". Hierdie baanbrekerswerk het sekerlik bygedra tot sy latere erns dat goeie profielbeskrywings absoluut noodsaaklik is om gronde te kan verstaan en korrek te kan klassifiseer. Die verstaan van grondgenese en die interaksie met veral sagtevrugte het Jan Lambrechts 'n legende in die Wes Kaap gemaak en sy dood is beslis 'n groot verlies vir die Landboubedryf.

As jong student het Jan gedurende sy vakansietye laboratoriumwerk vir die kopermyne te NababEEP, Noord-Kaap gedoen en was sy kennis van chemie vir ons almal 'n inspirasie.

Nadat hy by US as Junior Lektor aangestel is het hy sy akademiese talente begin wys. Uiteindelik kan gesê word dat hy sekerlik een van baie min Grondkundiges in SA was wat soveel kennis oor al die subdissiplines van Grondkunde in die breë sin gehad het – voorwaar 'n lewende biblioteek in die verband. Jy kon hom oor feitlik enige aspek van Grondkunde vra en hy sou goeie antwoorde kon verskaf. Vra maar vir studente wat hulle seminare of tesis verdedigings moes kom doen waar hy ook teenwoordig was!

Die mees belangrikste bydrae van hom was waarskynlik sy intense betrokkenheid by Grondklassifikasie in Suid-Afrika en sy betrokkenheid tot die praktiese toepassings en gebruike van die klassifikasie tot veral meerjarige gewasverbouing in die Winterreestreek. Sy persoonlike belangstelling in podzolgronde van die Wes- en Suid-Kaap het gehelp dat die inligting oor hulle definisie, kriteria en klassifikasie, veral in die Blou Boek, so volledig gegee is.

Jan se skryfvermoë en taalbeheersing in beide Afrikaans en Engels was legendaries. Die kwaliteit en die skryf van grondverslae wat hy so maklik laat lyk het sal ons altyd by bly. Min mense besef dalk dat hy amper man alleen verantwoordelik was vir die vertaling van beide die Rooi en die Blou klassifikasieboeke. Benewens die vertaling het hy natuurlik, saam met veral Dr. Chris MacVicar, gehelp dat die Blou Boek tegnies korrek is en ook dele van die Aanhangsels geskryf en versorg. Ons kan eerlik getuig dat hy gedurig besig was om statistiek oor aspekte wat in klassifikasie nodig was, bv S-waarde te bereken, eintlik lank voor ons ander gedink het dit is nodig. So het hy ook vooraf met die saamstel van vorm-familieskedules en moontlike kwalifiseerders wat nou oorweeg word, voor 'n dag gekom, sodat hy tydens vergaderings altyd 'n antwoord hieroor sou kon gee. Die Grondklassifikasie Werkgroep gaan hierdie werkesel geweldig mis!

Sy bydrae tot die verstaan en praktiese implimentering van gronde t.o.v. meerjarige gewasverbouing het gelei tot die ontwikkeling van die grondkode waar gronde, benewens die plasing in 'n vorm en familie, verder op 'n *ad hoc* manier geïnterpreteer kan word tot op 'n vlak wat veral meerjarige gewasse vereis. Hierdie benadering is reeds in 1978 by 'n GVSA Kongres bekend gestel, sedertdien aangepas en word nou deur alle grondkundiges van die streek as riglyn gebruik. Die ontwikkeling van prosedures en praktyke om marginale gronde fisies en chemies te verbeter sodat dit vir meerjarige gewasse gebruik kan word, is deur hom ontwikkel. Hy is ook deur ingenieurs genader om te help met die stabilisasie van gronde vir gronddamme.

Hy was iemand wat die natuur geniet het en in sy werk was hy betrokke by baie grondopnames in verskeie dele van ons land, Namibië en het selfs in die VSA (Suid- Carolina) gehelp met grondkundige probleme by appelbome.

Die grondkundige gemeenskap van Suid-Afrika , die Universiteit van Stellenbosch, studente en ander het 'n groot man verloor en sy invloed sal nog lank gevoel word.

Saamgestel deur Freddie Ellis en Bennie Schloms

